

Christus verlos sy kerk van die vyandige wêreld

Die kerk van Christus is nie welkom in die wêreld nie. Die geskiedenis bevestig hierdie werklikheid. Tydens die regering van koning Josafat het hy op 'n dag berig gekry dat "'n groot menigte" teen hom en teen Juda opgetrek het (2 Kron. 20:2). Die Edomiete, die Moabiete, Ammoniete en vele ander heidennasies het met 'n veldtog teen Israel, die verbondsvolk van God, begin.

Die hele Juda het 'n vasdag gehou en die Here se hulp gevra. Die uiteinde was dat God op 'n onverwagse manier sy verbondsvolk se vyande, wat ook sy vyande was, oorwin het (2 Kron. 20:22-23). Die Here is die getroue Verbondsgod. Hy het Juda se gebed daardie dag beantwoord en sy verbondsvolk onverwags gered.

Met die koms van die Koning van die kerk na die aarde, het die wêreld eenvoudig met sy vyandskap voortgegaan. Jesus Christus het tydens sy geboorte, kort daarna en trouens gedurende sy hele lewe op aarde, die vyandskap van die wêreld teen Hom en almal wat aan Hom behoort, ervaar. Die vyandskap teen Hom het veroorsaak dat Hy onskuldig veroordeel is en oorgelewer is om gekruisig te word.

Te midde van 'n vyandige wêreld is en bly die Here die getroue Verbondsgod. Deur Jesus se kruisiging red God sy volk, sy kerk, weer op 'n onverwagse manier. Met Jesus se dood lyk dit asof die vyandige wêreld die oorwinning behaal. Maar juis deur te sterf, het Jesus die oorwinning behaal. Hy het sy kerk van die ergste vyande, die sonde en die dood, verlos. Deur sy opstanding het Jesus hierdie oorwinning nog duideliker bevestig. Die Heilige Gees gee aan die kerk van Christus die geloofsekerheid dat God die "Here" is. Hy het verlossing beloof. Hy het sy verlossingsplan deur sy seun se dood en opstanding deurgevoer.

Die kerk van Christus weet verder deur die Gees dat God sy verlossingsplan nog gaan voltooi. Daar kom 'n dag dat elke knie voor God sal moet buig. Wanneer Jesus Christus weer kom, word al sy vyande en die vyande van sy kerk finaal vernietig. Christus self sal elke vyand ewig veroordeel. In skande sal die vyandige wêreld die verskrikking van God se ewige toorn in die buitenste duisternis ondergaan. Daarteenoor sal sy kerk wat swaar verdruk is, in heerlijkheid ewig saam met Hom regeer. Hierdie sekerheid maak van Christus se kerk 'n biddende kerk.

Sing: Psalm 2:1, 6

Ds Johan Nel (Akasia)